Lesing 13 van 22.06.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008/9

## *Joshua 5*

Jos 5:1 EN toe al die konings van die Amoriete wat anderkant die Jordaan na die weste was, en al die konings van die Kanaäniete wat by die see woon, hoor dat JaHWeH die water van die Jordaan voor die kinders van JisraEl uit laat opdroog het, totdat hulle deurgetrek het, het hulle hart versmelt en was daar in hulle geen moed meer vanweë die kinders van JisraEl nie.

Jos 5:2 In dié tyd het JaHWeH vir JeHôWshua gesê: Maak vir jou klipmesse en besny weer die kinders van JisraEl vir die tweede keer.

Jos 5:3 Toe het JeHôWshua vir hom klipmesse gemaak en die kinders van JisraEl besny by die Heuwel van die Voorhuide.

Jos 5:4 En dit is die rede dat JeHôWshua [hulle] besny het: Die hele volk wat uit Egipte uitgetrek het, die manspersone, al die krygsmanne, het op pad in die wildernis gesterwe, op hulle trek uit Egipte.

Jos 5:5 Want die hele volk wat uitgetrek het, was besnede; maar al die manne wat op pad in die wildernis gebore is, op hulle trek uit Egipte, het hulle nie besny nie.

Jos 5:6 Want veertig jaar lank het die kinders van JisraEl in die wildernis getrek, totdat die hele nasie omgekom het, die krygsmanne wat uit Egipte weggetrek het, wat nie aan die Stem van JaHWeH gehoorsaam was nie; vir wie JaHWeH gesweer het dat Hy hulle die Aarde nie sou laat sien wat JaHWeH hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie - 'n Aarde wat oorloop van melk en heuning.

Jos 5:7 Maar in hulle plek het Hy hul seuns gestel; dié het JeHôWshua besny; want hulle was onbesnede, omdat hulle op pad nie besny is nie.

Jos 5:8 En toe die hele nasie klaar besny is, het hulle op hul plek in die laer gebly totdat hulle gesond was.

Jos 5:9 Toe het JaHWeH vir JeHôWshua gesê: Vandag het Ek die skande van Egipte volledig van julle weggeneem. Daarom het hulle dié plek Gilgal genoem tot vandag toe.

Jos 5:10 Terwyl die kinders van JisraEl by Gilgal gelaer was, het hulle

die Pasga gehou op die veertiende dag van die maand net na sononder, in die vlaktes van Jérigo.

Jos 5:11 En hulle het die dag ná die Pasga van die gestoorde graan van die Aarde geëet: ongesuurde brode en droog gebraaide koring, daardie selfde dag.

Jos 5:12 En die dag nadat hulle van die gestoorde graan van die Aarde geëet het, het die manna opgehou, sodat die kinders van JisraEl verder geen manna gehad het nie; maar hulle het geëet van die produkte van die Aarde van Kanaän in daardie jaar.

Jos 5:13 En terwyl JeHôWshua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n Man teenoor hom met 'n ontblote swaard in Sy Hand; en JeHôWshua het na Hom gegaan en Hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? [DaniEl 10:5]

Jos 5:14 <u>En Hy sê: Nee, maar Ek is die Leërowerste van JaHWeH; Ek het nou gekom</u>. Toe val JeHôWshua met sy aangesig op die Aarde en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Meester aan Sy dienskneg sê?

Jos 5:15 Toe sê die Leërowerste van JaHWeH vir JeHôWshua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, Apartheid is dit. En JeHôWshua het so gedoen.

## *`n NUWE VERBOND*

Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek JaHWeH, dat Ek met die huis van JisraEl en die huis van JeHûWdah 'n Nuwe Verbond sal sluit, [JirmeJaH 31:31]

Heb 8:9 nie soos die Verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit die Aarde van Egipte uit te lei nie - My Verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék hulle Besitter was, spreek JaHWeH. [JirmeJaH 31:32]

Heb 8:10 Maar Sy is die Verbond wat Ek ná dié dae met die huis van JisraEl sal sluit, spreek JaHWeH: Ek gee My Wet in hulle binneste en skrywe Haar op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n Elohim wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees. [JeshaJaH 8:16; JirmeJaH 31:33]

Heb 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken JaHWeH; want hulle sal My almal ken, klein en groot

onder hulle, spreek JaHWeH, [JirmeJaH 31:34]

Heb 8:12 want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek JaHWeH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle oortredinge nie meer dink nie. [JirmeJaH 31:34]

